# WINDHOEK RESIESDUIFKLUB

# GRONDWET

## soos gewysig op die vergadering van 1 April 2017

1. INLEIDING :

Nadat lede oorgegaan het tot die stigting van die Windhoek resiesduifklub, hierna verwys as die WRDK op 07 November 1981 te Safari Motel, Windhoek, bepaal lede op ŉ spesiale algemene vergadering dat die klousules hierin vervat vanaf die dag van 06 Maart 1982 sal dien as die GRONDWET, WEDVLUGREËLS EN KLOKREËLS van die WRDK.

2. HOOFKWARTIER :

Die hoofkwartier van die WRDK sal wees by die hoofkwartier van die Namibia Resiesduifbeheerraad (NRB) teen ŉ vaste huur soos ooreengekom tussen die WRDK-hoofbestuur en die NRB-hoofbestuur of enige ander plek soos deur die hoofbestuur van die WRDK besluit mag word.

3. WOORDBEPALINGS :

3.1 HOOFBESTUUR

a) Die hoofbestuur word verkies op die algemene jaarvergadering deur 'n meerderheidstem van stemgeregtigdes en sal soos volg saamgestel word :

   i) Voorsitter
   ii) Ondervoorsitter
   iii) Sekretaris
   iv) Wedvlugsekretaris
   v) Tesourier en Ringbeampte
   vi) Addisionele lede volgens vergadering se goedkeuring en behoefte.

b) Die hoofbestuur sal sake van die WRDK bestuur en in beheer van sake wees volgens sy goeddunke onderworpe aan die bepalings van die grondwet en regulasies.

c) Hoofbestuurlede moet pligte verrig wat normaalweg verbonde is aan die pos waarvoor hulle verkies is of soos die voorsitter en/of hoofbestuur aan hulle toewys.

d) Vakatures wat in die hoofbestuur voor die volgende algemene jaarvergadering ontstaan word gevul by wyse van kooptering deur die hoofbestuur.

e) Die hoofbestuur mag komitees aanstel om bepaalde pligte uit te voer of in die algemeen namens die hoofbestuur op te tree. Die hoofbestuur het egter

die bevoegdheid om 'n beslissing van so 'n komitee te eniger tyd te wysig, aan te vul of te herroep soos hy mag goedvind.

3.2 DAGBESTUUR :

Die dagbestuur bestaan uit die ampte in 3.1 (a)(i) tot (v) genoem, wat 'n probleem ter plaatse moet oplos indien daar nie genoeg tyd is om die volle hoofbestuur saam te roep nie. Sulke besluite moet egter deur die hoofbestuur bekragtig word.

3.3 KEURKOMITEE :

Die keurkomitee bestaan uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris en sal uitsluitlik aansoeke van aspirant-lede oorweeg en aanbevelings aan die hoofbestuur maak in verband met die aanvaarding of wegwysing van aansoekers wat lede van die WRDK wil word.

3.4 LEDE :

Persone wat lidmaatskap verkry het kragtens klousule 5, opgedeel in verskillende kategoriee volgens klousule 5 en wie se lede- en klubgelde ten volle betaal is tot bevrediging van die hoofbestuur.

4. DOELSTELLINGS :

Die doelstellings van die WRDK sal wees :

4.1 Om die belange van die resieduifsport in Windhoek ten behoewe van sy lede aan te moedig en te bevorder.

4.2 Om noue samewerking tussen sy lede teweeg te bring en te handhaaf.

4.3 Om die hou van duiwewedvlug-kompetisies, -kampioenskappe en – wedstryde te bevorder en aan te moedig en om te help met die aanbieding en beheer daarvan.

4.4 Om die voorwaardes aangaande wedstryde, kampioenskappe of duiwewedvlug-kompetisies en – sportnommers te omskrywe, te beheer en te reël en te onderhou.

4.5 Om die teel van die resieduiwe te bevorder en aan te moedig.

4.6 Om deelname deur die lede of as individu of as lede van spanne in nasionale of internasionale wedstryde, kampioenskappe of sportnommers te reël onder beskerming van die NRB.

4.7 Om lede te help met die skikking van geskille of met die vertolking van die reëls van die resieduifsport.

4.8 Om ringe, horlosies, mandjies en ander benodighede te koop, te huur of andersins te verkry soos dit van tyd tot tyd nodig geag mag word in die belang van die WRDK en om sodanige ringe, horlosies, mandjies

of ander benodigdhede te verhuur, te verkoop of andersins van die hand te sit.

4.9 Om fondse in te samel soos die WRDK mag goedkeur, om sodanige fondse te beheer soos hierin voorsien, om betalings vanuit die fondse te maak soos nodig mag wees in die uitvoering van die doelwit van die WRDK, insluitende toekennings aan sy lede en betalings aan lede van spanne en amptenare wat die WRDK verteenwoordig by wettige wedstryde, funksies en sportbyeenkomste.

4.10 Om deur middel van aankoop, verhuring of andersins beide roerende en vaste eiendom te verkry en om enige eiendom of bate van die WRDK te verkoop, van die hand te sit, te verwyder of andersins te hanteer.

4.11 Om wetgewende maatreëls te bevorder of om enige regerings-, provinsiale- of plaaslike amptenare of regerende liggame te nader met betrekking tot sake wat direk of indirek duiwewedvlugte beïnvloed.

4.12 Om brosjures, tydskrifte of publikasies uit te gee en om reëlings met ander persone te tref om die bedrywighede van die WRDK bekend te maak en om sake van belang vir die lede te versprei.

4.13 Om enige fondse wat nie onmiddellik deur die WRDK benodig word nie, te belê om op ʼn wyse soos van tyd tot tyd deur die dagbestuur besluit mag word.

4.14 Om enige geregtelike stappe deur of teen die WRDK of sy amptenare as gevolg van duiwesake te doen, te lei en te verdedig.

4.15 Om met enige ander ge-organiseerde liggaam wat dieselfde of soortgelyke doelwitte as dié van die WRDK het te assosieer of saam te werk.

4.16 Om 'n eenvoudige metingstelsel vir alle wedvlugte vas te stel en om 'n eenvormige tydreëlingsisteem te verkry.

4.17 Oor die algemeen om gedragreëls en etiket wat deur die lede nagekom moet word, te omskrywe en voor te skryf en om sodanige stappe as wat nodig mag wees te neem om te verseker dat dit nagekom word.

4.18 Om sosiale bedrywighede in belang van die WRDK te reël en te bevorder.

4.19 Om alle sodanige bedrywighede nie teenstrydig met hierdie reëls nie te doen wat die WRDK wenslik mag beskou in sy belang en oor die algemeen om die belange van die WRDK te bevorder en te beskerm.

## 5. LIDMAATSKAP :

5.1 Lidmaatskap sal onbeperk wees kragtens klousule 3.4 en slegs ten volle betaalde lede sal geregtig wees om ten tye van die algemene jaarvergadering te stem. Ten volle betaalde lede beteken dat ledegeld, wedvluggelde en ander gelde soos van tyd tot tyd gehef en betaalbaar is op of voor die Vrydagaand, een week voor die eerste mandjieaand van elke vliegseisoen, en by betaling hiervan sal dit die lid lidmaatskap verleen tot een week voor die eerste wedvlug van die volgende jaar.

5.2 Lidmaatskap word as volg verkry :

a) Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik ingedien word by die sekretaris.

b) Elke aansoek moet vergesel wees van aanbevelings deur twee lede wat aktief aan die resiesduifsport deelneem.

c) ŉ Uitklaringsbewys van die voornemende lid se vorige klub moet die aansoek vergesel.

d) Hierdie aansoek word vir minstens veertien dae op die klubkennisgewingsbord aangebring of op enige ander wyse onder lede se aandag gebring om bestaande lede die kans te gee om besware aan te teken, indien enige, en van die aansoek kennis te neem.

e) Na veertien dae neem die keurkomitee ŉ beslissing.

f) Die keurkomitee hoef geen redes te verstrek by die afkeur van ŉ aansoek nie.

g) Indien ŉ aansoek goedgekeur word, word dit verwys na die hoofbestuur vir bekragtiging en bevestiging op die algemene jaar vergadering.

h) ŉ Aansoeker sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag.

i) Enige nuwe lid sal vir 12 maande as tydelike lid deelneem met dieselfde regte en voorregte as ŉ permanente lid waarna sy lidmaadskap permanent sal word op aanbeveling van die bestuur sou die lid geen skriftelik bevestiging kry nie word aanvaar dat

hy permanent lid van die klub word met dien verstande dat sy ledegelde jaarliks opbetaald is.

5.3 Die WRDK hoofbestuur sal besluit aan wie ere-lidmaatskap toegeken word, maar sodanige lidmaatskap sal so toegeken word alleenlik waar die ontvanger ʼn openbere pos beklee of waar die ontvanger op besondere wyse tot die voordeel van die klub meegewerk en bygedra het.

5.4 ʼn Lidmaatskapregister sal gehou word en met elke algemene jaarvergadering bevestig en opdateer word.

5.5 Die WRDK sal die reg hê tot die beëindiging van lidmaatskap of die opskorting daarvan van enige lid wat enige van die reëls van die WRDK oortree.

5.6 Geen lid wat nie sy ledegeld binne een (1) maand na die vervaldatum betaal het nie, sal geregtig wees om as lid aan te bly terwyl sy ledegeld onbetaald is nie. So ʼn onbetaalde lid sal dan weer deur die proses van aansoek moet gaan vir goedkeuring.

5.7 ʼn Lid wie se lidmaatskap beëindig is of wat verban of opgeskort is of wat uitgetree het, sal nietemin verantwoordelik bly vir ledegeld en skuld wat nog uitstaande en deur hom verskuldig is.

5.8 Nie-vlieënde lede sal verminderde lidmaatskapgeld betaal soos van tyd tot tyd deur die hoofbestuur bepaal word.

5.9 Nuwe lede word aangeslaan vir die seisoen waarin hulle vir die eerste jaar sal deelneem.

6. <u>LEDE WAT BELET WORD OM ʼn AMP TE BEKLEE :</u>

Enige lid wie se lidmaatskap opgeskort of beëindig is, sal vanaf die datum van sodanige opskorting of beëindiging nie in ’n ampspos bly of verkiesbaar wees as ’n lid van die bestuur nie, maar ’n lid wie se lidmaatskap herstel is, sal verkiesbaar wees vir verkiesing of herverkiesing tot die bogenoemde bestuur.

7. INKOMSTE, EIENDOM EN GELDE :

Die inkomste, eiendom en gelde van die WRDK, van watter oorsprong ookal, sal gebruik word vir die bevordering van die doelwitte van die WRDK soos in hierdie grondwet uiteengesit en geen deel daarvan sal aan enige lid betaal of direk of indirek oorgedra word nie.

Niks hierin bevat sal egter die WRDK belet om toekennings te maak aan ’n lid met die doel om sy doelwitte na te kom of om sy belange te bevorder, of om klein uitgawes terug te betaal aan enige persoon vir enige diens wel aan die WRDK gelewer en verskuldig is nie.

8. MAGTE VAN DIE HOOFBESTUUR :

Die hoofbestuur sal met die volgende magte beklee wees, naamlik :

8.1 Om alle of enige van die magte in verband met die doelwitte van die WRDK uit te voer;

8.2 Om in naam van die WRDK enige hofsaak of hofsake of ander geregtelike stappe in enige geregshof in te stel, te verdedig, voort te sit, te laat vaar, te skik en af te handel en om enige eis deur of teen die WRDK voor te lê vir arbitrasie bykomend tot die reg om geregtelike stappe te doen vir die herstel van enige eis van die WRDK;

8.3 Om, deur middel van besluit, die voorsitter, ondervoorsitter, en/of sekretaris, kontrakte, ooreenkomste of ander akte of dokumente wat 'n handtekening verg te onderteken, en om bankrekening in naam van die WRDK te open en te hanteer en om wissels , skuldbewyse, tjeks en ander verhaalbare dokumente betrokke by die sake van die WRDK te trek, goed te keur, te onderskryf, uit te skryf en te verly;

8.4 Om 'n ouditeur aan te stel om enige vakatures wat in die ouditeurskap mag ontstaan, te vul;

8.5 Om enige klubgeld van tyd tot tyd op te lê, te wysig of terug te betaal met goedkeuring van die meerderheid lede.

8.6 Om van sodanige fondse tot die WRDK se beskikking sodanige bedrae soos hulle mag besluit as honorarium of bonus aan amptenare of beamptes, of as ledegeld of geskenke aan enige liefdadigheids- of ander fondse toe te staan, en ook om te besluit oor die belegging of verkoop van die reserwe of ander fondse tot die WRDK se beskikking;

8.7 Om geld in te samel of te leen vir die WRDK as borg vir verband op vaste eiendom of ander bate tot die WRDK se beskikking, of as sodanige ander borg en op sodanige

voorwaardes soos die jaarvergadering of spesiale algemene vergadering van die WRDK mag goedkeur;

8.8 Om die tydperk van wedvlugprogramme en inskrywingsbeperkings te reël en te stel;

8.9 Om enige saak of vraag wat nie in hierdie grondwet en reëls voorsien is nie, te hanteer en in gevalle van twyfel oor die betekenis en belang van enige gedeelte van die grondwet en reëls, sal enige vertolking daarvan deur die hoofbestuur verpligtend wees vir alle lede.

## 9. VERGADERINGS :

### 9.1 ALGEMENE JAARVERGADERINGS

a) Die algemene jaarvergadering van die WRDK sal gehou word op sodanige plek en tyd soos die bestaande hoofbestuur van die WRDK mag besluit, gedurende Maart van die volgende jaar tensy die hoofbestuur anders besluit. Kennisgewings van 'n algemene jaarvergadering sal skriftelik of elektronies gestuur word aan alle lede van WRDK, ten minste veertien (14) dae voor sodanige vergadering.

b) Enige lid wat enige voorstel wil maak vir insluiting op die agenda van die algemene jaarvergadering moet sodanige voorstel aan die sekretaris van die WRDK stuur sodat dit hom bereik nie later as 7 dae voor die datum waarop die algemene jaarvergadering gehou word nie.

c) Die hoofbestuur mag op sigself enige besprekingspunte op die sakelys plaas.

d) Slegs sake wat op die sakelys verskyn, mag bespreek en beslis word, tensy die voorsitter sy toestemming verleen tot uitbreiding van die sakelys.

e) Die gewone sake van die algemene jaarvergadering sal wees :

   i) Om die notule van die vorige algemene jaarvergadering goed te keur;
   ii) Om die voorsittersverslag te lees;
   iii) Om die finansiële state en balansstate noukeurig geouditeer vir die vorige finansiële jaar te ontvang, te oorweeg en goed te keur;
   iv) Om die grondwet of reëls van die WRDK te wysig nadat behoorlike kennisgewing gegee is ooreenkomstig subklousule (b) in hierdie klousule;
   v) Om amptenare en komiteelede te kies vir die komende jaar ooreenkomstig die grondwet en reëls van die WRDK;
   vi) Om beskermhere te kies indien enige.

f) Alle belangstellendes mag die vergadering bywoon en aan die besprekings deelneem, maar net persone wat lede is kragtens klousule 5.1 is stemgeregtig.

g) Tot tyd en wyl 'n nuwe voorsitter vir die komende jaar verkies is, sal die dienende voorsitter die voorsitterskap tydens die algemene jaarvergadering

beklee, totdat die nuwe voorsitter verkies word, wanneer die sekretaris die stoel sal inneem. As hy en die ondervoorsitter nie binne tien (10) minute van die tyd bepaal vir sodanige vergadering aanwesig is nie, sal die aanwesige lede dan 'n tydelike voorsitter kies.

h) Die lede aldus aanwesig sal ongeag die getal daarvan 'n kworum vorm.

i) Alle kwessies behalwe die wat verband hou met 'n wysiging of verandering van die grondwet of die reëls en regulasies daarvan, sal beslis word deur 'n meerderheid stemme uitgebring deur daardie lede aanwesig en geregtig om te stem by daardie vergadering. Stemming sal geskied op die wyse soos deur die Voorsitter bepaal. Die Voorsitter sal 'n beraadslagende sowel as 'n beslissende stem hê.

j) As 'n geheime stemming deur die Voorsitter versoek of raadsaam geag word, sal dit geskied op sodanige wyse as wat die voorsitter van die vergadering voorskryf en die uitslag van die stemming sal die besluit van die vergadering wees waar die stemming gevra is. In geval van enige geskil oor die uitslag van die stemming, sal die Voorsitter besluit wat die uitslag is, en so 'n besluit ter goeder trou geneem deur die voorsitter sal finaal en beslissend wees.

k) Die voorsitter mag met die goedkeuring van die vergadering sodanige vergadering van tyd tot tyd en van plek tot plek verdaag, maar geen nuwe sake anders as die sake onafgehandel gelaat tydens die

vorige vergadering sal tydens sodanige verdaagde vergadering behandel word nie.

9.2 SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS :

a) Die hoofbestuur van die WRDK mag te eniger tyd ŉ spesiale algemene vergadering van die WRDK byeenroep.

b) Vyftig persent van die ten volle betaalde lede van die WRDK sal ŉ kworum vorm tydens sodanige spesiale algemene vergadering.

c) Die sekretaris sal veertien (14) dae skriftelike kennisgewing gee aan lede van sodanige spesiale algemene vergadering en van die sake wat tydens sodanige vergadering afgehandel moet word. Sodanige kennisgewing sal ook die datum, tyd en plek van die voorgestelde vergadering bevat.

d) Geen sake sal bespreek word tydens ŉ spesiale algemene vergadering benewens die sake waarvoor die vergadering byeengeroep is nie.

9.3 HOOFBESTUURS- EN KOMITEEVERGADERINGS :

Die hoofbestuur of enige komitee saamgestel ingevolge die grondwet of regulasies vergader op die plek en tydstip soos van tyd tot tyd deur die Voorsitter bepaal en komitees tref hulle eie reëlings in verband met kennisgewings aan lede vir die hou van vergaderings.

Waar ŉ lid van die hoofbestuur of enige komitee van drie vergaderings agtereenvolgens afwesig is, sal hierdie lid summier sy pos verloor, of waar ŉ pos op enige wyse vakant raak, al die klublede op ŉ spesiale vergadering ŉ nuwe lid koöpteer.

10. <u>APPÈLLE :</u>

10.1 Enige lid sal die reg hê om appèl aan te teken by die WRDK teen ŉ besluit van enige komitee, beampte of bestuur, by betaling van ŉ fooi van N$500-00. Die fooi is terugbetaalbaar indien die appèl slaag.

10.2 Sodanige appèl, tesame met die redes vir die appèl en enige aanvullende dokumente, moet by die Sekretaris van die WRDK ingedien word binne sewe (7) dae vanaf die besluit waarteen daar ge-appèlleer word. As die appèl nie sodanig binne die voorgeskrewe tyd ingedien word nie, sal die reg tot appèl nietig wees.

10.3 Sodanige appèl sal tydens die eersvolgende hoofbestuursvergadering van die WRDK aangehoor word en die besluit van die hoofbestuur sal finaal en bindend wees.

10.4 Enige appèllant sal die reg hê om persoonlik voor die hoofbestuur van die WRDK te verskyn om sy saak te stel en die hoofbestuur van die WRDK sal die reg hê, na sy goeddunke, om enige appèllant te roep om voor die WRDK te verskyn en vrae te beantwoord met betrekking tot die appèl. As enige appèllant versuim om te verskyn op die tyd soos deur die hoofbestuur vasgestel wanneer hy

daartoe versoek word, mag daar voortgegaan word met die appèl in sy afwesigheid.

10.5 Die werwing van stemming in gevalle van appèl sal die lid blootstel aan die opskorting of skrapping van sy lidmaatskap.

10.6 Indien 'n lid ontevrede is oor 'n beslissing van die hoofbestuur kan hy by die hoofbestuur skriftelik aansoek doen om verlof om te appèlleer na die NRB, wie se beslissing finaal sal wees. Die hoofbestuur het egter die mag om na deeglike oorweging en waar nie genoegsame redes is om appèl na die NRB toe te staan nie, hierdie appèl te weier, waarna hulle beslissing finaal sal wees.

## 11. VERTOLKING VAN GRONDWET, REGLEMENTE, REËLS EN REGULASIES :

In gevalle van twyfel oor die betekenis, toepassing of verklaring van enige bepalings van die grondwet, of die reglemente, reëls of regulasies daarkragtens opgestel sal die vertolking van die hoofbestuur finaal, bindend en beslissend wees.

## 12. ONTBINDING VAN DIE WRDK :

12.1 Die WRDK mag nie ontbind of gelikwideer word nie, behalwe deur 'n besluit geneem tydens 'n spesiale algemene vergadering van die WRDK byeengeroep vir daardie spesifieke doel, watter besluit geneem sal word

deur nie minder as twee-derdes van die lede aanwesig en geregtig op stemming.

12.2 Indien die spesiale algemene vergadering dus kragtens klousule 12.1 besluit om te ontbind, word daar as volg oor die bates beskik :

a) Indien die WRDK slegs ontbind met die doel om 'n meer effektiewe organisasie daar te stel in belang en ter bevordering van die sport van resiesduiwe, gaan alle eiendom waaroor die WRDK uitsluitlik beheer het, oor na die nuwe organisasie nadat alle skulde van die WRDK gedelg is.

b) Indien die WRDK om enige ander rede ontbind, word met eiendom gehandel soos besluit op die spesiale algemene vergadering.

c) Geen lid sal geregtig wees op enige eiendom van die WRDK nie tensy sodanige eiendom uitsluitlik deur hom aan die WRDK verskaf was en dit 'n voorwaarde van die skenking was dat by ontbinding die bepaalde saak aan hom teruggegee moet word.

13. STRAF :

Ingeval enige lid van die WRDK skuldig bevind word aan enige wangedrag, onsportiewe gedrag en/of enige misbruik van hierdie reëls en regulasies, of aan verontagsaming van enige van die reëls of bevele van die hoofbestuur van die WRDK, sal die hoofbestuur die mag hê om sodanige klublid of amptenaar te straf of deur

beëindiging van sy lidmaatskap of deur opskorting daarvan of op enige ander manier na die goeddunke van die hoofbestuur.

## 14 WYSIGING VAN DIE GRONDWET :

Hierdie grondwet of enige gedeelte daarvan mag nie gewysig, herroep of verander word nie, behalwe deur 'n vyf-en-sewentig persent (75%) meerderheid van lede aanwesig en geregtig op stemming tydens 'n algemene jaarvergadering of 'n spesiale vergadering, spesifiek byeengeroep met die doel om die grondwet of enige gedeelte daarvan te wysig, te herroep of te verander. Alle of enige voorgestelde wysigings, herroepings of veranderings van die grondwet en reëls moet die WRDK se sekretaris ten minste een (1) maand voor die vergadering waartydens die voorgestelde wysiging, herroeping of verandering oorweeg sal word, bereik en sal aan lede gestuur word ten minste veertien (14) dae voor sodanige vergadering.

## 14. REKENINGE :

14.1 Die WRDK sal behoorlike rekeningboeke hou of sorg dat dit gehou word en 'n finansiële staat tydens elke algemene jaarvergadering voorlê.

14.2 Die WRDK sal gesluit word die einde van Januarie van elke jaar en sal geouditeer word deur 'n persoon aangestel deur die hoofbestuur.

14.3 Die WRDK sal verantwoordelik wees vir enige tekort in die WRDK se boeke aan die einde van elke boekjaar.

14.4 Alle transaksies aangegaan deur die WRDK sal net per tjek of elektroniese oorbetaling betaalbaar wees.

## 15. UITREIKING VAN RINGE :

15.1 WRDK-ringe sal uitgereik word aan alle lede wie se ledegeld betaal is, en die tesourier/ringmeester van die WRDK sal verantwoordelik gehou word vir die uitreiking van ringe aan lede. Die hoofbestuur kan aansoeke van nie-lede egter oorweeg en waar dit tot die voordeel van die WRDK en duiwesport in die algemeen strek, wel 'n gunstige besluit hieroor neem.

15.2 WRDK-ringe sal uitgereik word vanaf die 1ste dag van elke jaar.

15.3 Geen lid sal geregtig wees op 'n terugbetaling van die bedrag betaalbaar met betrekking tot enige metaalring deur hulle gekoop of bestel nie.

## 16. ALGEMENE REËLS :

16.1 Geen lid mag aan 'n WRDK-wedvlug deelneem nie tot tyd en wyl hy aansoek gedoen het om, en betaal het om sy duiwehok, te laat meet nie. Alle duiwehokke sal gemeet word deur die wedvlugsekretaris soos deur die WRDK aangestel.

16.2 Twee komiteelede sal daarvoor verantwoordelik wees om duiwehokposisies te bevestig.

16.3 Elke lid sal daarvoor verantwoordelik wees om enige adresverandering volledig by die sekretaris van die WRDK aan te meld.

16.4 Enige kennisgewing of kommunikasie aan 'n lid wat afgelewer of gepos is in 'n koevert wat die adres dra van sy posadres soos geregistreer in die WRDK se registers ten tye van sodanige aflewering of pos, sal beskou word as ontvang deur sodanige lid nadat dit as sulks afgelewer of gepos is. Dieselfde geld vir elektroniese skrywes afgelwer by die betrokke lid se epos adres soos deur hom verskaf aan die WRDK.

16.5 Geen toevallige versuim om kennisgewing van enige vergadering te gee aan enige persoon of persone wat geregtig is om kennisgewing te ontvang en om aanwesig te wees tydens sodanige vergadering sal nie die verrigtinge tydens die vergadering ongeldig maak nie.